MEMORANDUM

No. 6 van 2006: Evaluering

Wie

Alle ampsdraers van die Staatmakers word twee maal gedurende hul termyn geëvalueer op gronde van die ooreenkoms gesluit met die Staatmakers, met die uitsondering van Groepleiers en Adjunkgroepleiers. Groepleiers en Adjunkgroepleiers word slegs aan die einde van hul termyn van een jaar geëvalueer. Ander ampsdraers word in die middel van hul termyn, sowel as aan die einde van hul termyn geëvalueer.

Ampsdraers word deur die volgende persone geëvalueer:

Ampsdraer	Evaluasiekomitee	Ondergeskiktes
Adjunkgroepleier	Groepleier en Groepvoog	Groepslede
Groepleier	Gebiedskakeldraer en Groepvoog	Groepslede
Adjunkgebiedskakeldraer	Gebiedskakeldraer en verteenwoordiger van Nasionale Komitee: Staatmakers	Hoofgroepleiers
Gebiedskakeldraer	Hoofskakeldraer en Adjunkhoofskakeldraer	Hoofgroepleiers
Adjunk Hoofskakeldraer	Hoofskakeldraer en Nasionale Komitee voog	Gebiedskakeldraers
Hoofskakeldraer	Hoofleier en Nasionale Komitee voog	Gebiedskakeldraers & Staatmakers

Groepvoog is die Gebiedsbestuur: Staatmakers dagbestuurslid wat as voog oor die betrokke groep optree.
Nasionale Komitee voog is die Hoofdagbestuurslid wat as voog oor die Staatmakers optree.

Proses

1. Die Evaluasiekomitee en die Ampsdraer besluit op ‘n evaluasiedatum wat aanvaarbaar is vir alle partye.

2. Die Evaluasiekomitee stuur ‘n kennisgewing van evaluasie aan die betrokke ampsdraer se ondergeskiktes uit ten minste een maand voor die evaluasiedatum.
   2.1. Ondergeskiktes word uitgenooi om kommentaar te lewer op die Ampsdraer.
   2.2. Alle kommentaar word direk aan die Evaluasiekomitee gestuur.
3. Die Evaluasiekomitee ontmoet die Ampsdraer op die vasgestelde datum.
   3.1. Die Ampsdraer word geëvalueer op elke punt van die ooreenkoms gesluit met die Staatmakers. Evaluering word gedoen op grond van: soos verwag, bo verwagting, onder verwagting.
   3.2. Kommentaar ontvang vanaf ondergeskiktes word met die Ampsdraer bespreek.
   3.3. Vorige aksieplanne en ontwikkelingsareas (indien enige) word bespreek en geëvalueer.
   3.4. Probleme ondervind deur die Ampsdraer word bespreek.
   3.5. Aksieplanne en ontwikkelingsareas word op ooreengekom en gedokumenteer, veral met betrekking tot areas geïdentifiseer as ‘Onder verwagting’.
   3.6. ‘n Finale beoordeling word deur alle partye ooreengekom en gedokumenteer op die evaluasievorm.
   3.7. Alle partye onderteken die evaluasievorm.
   3.8. Die getekende evaluasievorm word geliasseer.
   3.9. Indien die finale evaluasie as ‘Bo verwagting’ gedokumenteer is word die Ampsdraer onmiddellik in aanmerking geneem vir die *Toekenning vir Buitengewone Diens: Staatmakers*.

Evaluasiekomitee

Die Evaluasiekomitee bestaan uit twee persone. ‘n Onafhanklike derde persoon mag deel vorm van die Evaluasiekomitee om as arbiter op te tree in ernstige gevalle.
Die Evaluasiekomitee moet ten alle tye onpartydig teenoor die Ampsdraer optree.